

Droomland

doorrr in my pondokkie
wat in die tuisland sandgrond geplant is
waar ek snags my slaap deurbring
waar ek altyd myself in 'n paar kombersies invou
ek babbel en brom-brom
maar my lippe maak geen bewegings nie
ek praat en praat aanhoudend
my tong roer nie eers nie
ek skreeu en skreeu en skreeu: ek wil dit nie hê nie
maar daars geen stem te hoor nie

in my pondokkie
wat in die tuisland geplant is
waar ek snag my slaap deurbring
raak ek miskien snags mal?

hoekom huil ek
sonder dat daar trane uitkom
of huil ek bloed?
ek spring
ek val nie
ek kou, mcaa, mcaa, mcaa
maar daars niks om te kou nie
in my pondokkie
doorrr in die tuisland
waar ek swaar dromme van drome dra.

digterbydigter

Digter: Nakedi Phosa (1952-).

Bron: Ophir, Spring 1976. In: Johan van Wyk, Pieter Conradie, Nik Constandaras (eds.). *SA in poësie*. Owen Burgess Publishers, 1988, p. 580.



Steun onze taal- en onderwijsprojecten! Donaties zijn zeer welkom: NL05INGB 000 455 6117 tnv. Stichting Dibana te Veenendaal.